

**Skriflesing:** Psalm 126; Johannes 12:20-25

**Teks: Psalm 126:5-6; Johannes 12:24**

**Sing- Ps.98:1,3; Ps.137:1,2,3,4; Ps.20:2,6,9**

Die Voortrekkers in Natal in 1838, broeder en suster, het vóór groot oomblikke te staan gekom. Die jaar 1838 was vol rampspoed en ellende. Drie jaar gelede, 1835 het hierdie Groot Trek begin, maar groot was ook die ellende. Daar het hulle, so het hulle gehoop uit die ellende wou uittrek, die sesde Grensoorlog was vir hulle iets van die laaste strooi, nou trek ons, maar al wou hulle die ellende uittrek, watter ellende het hulle nie ingetrek nie?!

Veral in 1838 het hierdie mense in Natal 'n jaar moes deurmaak, met die moord op Piet Retief en sy manne- (6 Feb 1838) en net 'n paar dae later, in die vroeë Saterdagoggendure, net na middernag, 17 Feb. 1838, dit was ook donkermaan, het die verskriklikste moorde wat mens jou moeilik kan indink gevolg. Ma's met kindertjies aan hulle bors deur assegaai deurboor, kindertjies se koppe teen die wawiele pap geslaan, oumense, kinders, niemand is ontsien nie. Die Zoeloes het die Voortrekkers in hulle laers in die grootste bloeddorstigheid afgemaai. Bloukrans, Moordspruit, is waar dit alles gebeur het. Dingaans opdrag aan sy impi's was daar mag geen wit mens (geen Voortrekker) oorbly nie, hulle (die wit mense) is mos towenaars het Dingaans wou glo.

Na die verskriklike Februarie in 1838, het gekom, 6 April 1838 – 6 April 1852 is vir ons 'n goeie datum- maar 6 April 1838 is Hendrik Potgieter en Piet Uys se vertrekdatum wat sou uitloop op die slag van uMtaleni- dit is reeds amper winter- 10 April 1838, en die gebeure van Piet Uys en sy seun Dirkie Uys word deel van 1838 se donker geskiedenis.

Potgieter sien vir dit wat nou reeds gebeur het, nie langer kans nie, hy gaan die Drakensberge en Natal vir goed verlaat, maar vir hulle wat daar sou agterbly het die donker blaai van 1838 net nog donkerder geword. In die winter van 13 Augustus 1838, met sy Augustuswinde, kom die aanslag van die Zoeloes by Gatslaer en dit word 'n verskriklike drie dae. Tot 15 Aug. 1838 het hulle daar langs die Boesmansrivier, by 'n diep holte, vandaar die naam- Gatslaer, die Zoeloes golf na golf op hulle sien afstorm. Net 75 weerbare manne, wat hierdie verskriklike slag moes probeer afweer. Vrouens wat die gewere moet laai, maar met die winde wat waai, steek die Zoeloes die velde aan die

brand, brandende assegaai word in die laer geslinger, selfs die doringtakke wat tussen die waens ingeslaan was, word 'n skroeiende vuurgloed, watter lot sou hulle nog moet tref.

Byna al hulle diere is van hulle afgevat, geen trekosse meer nie, honderde ontbinde lyke lê die wêreld vol, so erg dat geen mens daar langer kon bly nie. Leiers het hulle nie meer nie, ja Gatslaer na hierdie verskriklike beproewing word na Veglaer herdoop. Die enigste leier, Gert Maritz, maar 41 jaar oud, van Sooilaer, almal trek na hom toe, van hom word daar nou baie verwag. Hulle glo hy moet hom oor hulle ontferm, hoeveel weduwees, hoeveel wese, hoeveel verarmde haweloses daar was, swaar gewondes, alles is verskriklik en Gert Maritz, kan hy help?! Nêe, hy word ernstig siek aan malaria en op 23 September 1838 sterf hy, 41 jaar oud, wat dalk nog leiding kon gee.... In hierdie jaar was daar nie tyd om 'n mieliepit, niks te plant nie. Kos het skaars geword, hongersnood het aan die deur geklop... en die koue van die winter het die afgelope maande niks makliker gemaak nie.

\*\*\*

Broeder en suster, kan u begryp waarom die jaar 1838 as 'n jaar beskryf moet word, wat die lot van hulle wie se gelofte aan die einde van daardie jaar sou kom, met die verskriklikste vooraf gebeure gepaard sou gaan. Werklik omstandighede waarin mense net op die Here kon vertrou om hulle lot te verander. Daar is geen mens wat dit sou kon doen nie. Die lot wat hulle reeds getref het, was om die minste te sê, verskriklik...

Waar ons so pas Psalm 126 gelees het, was daar vir die Here se volk 'n verskriklike lot wat hulle moes deurgaan. Aanvanklik gaan dit in hierdie Psalm om Israel wat vry geraak het van die Babiloniese ballingskap. Vir 70 jaar was die Here se volk as slawe in benarde omstandighede. Om deur die koning van Babel regeer te word, om jou kinders in ballingskap te moes grootmaak, om heelyd vir jongmense en jou kinders te moes verduidelik dat dit wel later beter sal kan gaan, was in baie gevalle nie meer moontlik nie. Dit raak mense se toekomsverwagting, hulle brood en botter, hulle hele bestaan word geraak deurdat hulle later vir niks positief en mooi meer enige oog gehad het nie.

Psalm 126 vertel die verhaal en die gevoel van mense wat gedink het 'n droom het waarheid geword. *Toe die Here die lot van Sion verander het, was ons soos die wat droom. Toe is ons mond gevul met gelag en ons tong met gejubel; toe het hulle onder die heidene gesê: Die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen...* Psalm 126 praat deur mense wat gemeen het hulle het groot rede om baie bly te wees. Dit is duidelik 'n Psalm wat ná daardie Sondag van 16 Des.1838 ook deel van daardie laer sou kon wees. Manne, vroue wat gevoel het hulle droom, na alles wat hulle lot hierdie jaar al was, kom die oorwinning en watter droom-oorwinning was dit nie vir hierdie handjie vol mense nie!

\*\*\*

Vroeër die jaar sou die Voortrekkers eerder meen om saam met die ballinge Psalm 137 te sing- Die ballinge daar in Babel sê self- Ps.137:1-2 *By die riviere van Babel, daar het ons gesit, ook geween as ons aan Sion dink. Aan die wilgerbome wat daarin is, het ons, ons sifers opgehang...*In die vreemde land, vreemde omstandighede voel jy jou later in alles vreemd. Jou siter kan maar aan 'n boom hang en vir dieselfde part daar opvrot. Hoe kan die vroeëre inwoners van Babel verwag dat daar darem bietjie musiek, bietjie vrolikheid, 'n lied ook van hierdie ballinge moet kom – hulle nooi hulle selfs uit- *Sing vir ons 'n Sionslied...*maar die digter is verontwaardig- hoe kan hulle dit vra! Ons lot is swaar en koud, ons land, ja Sion is vêr en vervalle- as jou tong jou verhemelte vasklou die oomblik as jy net aan alles begin dink, wat nog te sê daarvan te sing- dan het daar reeds ander lelike werklikhede ingetree.

\*\*\*

En tog 'n lotsverandering het gekom. Psalm 126 is die ander kant van Psalm 137. 16 Desember 1838 is die ander kant van dieselfde jaar... Sowaar die ballinge se tonge het van hulle verhemelte kon los raak- *Toe is ons mond gevul met gelag en ons tong met gejubel....*Wie kon dit dink- Kores 'n nuwe koning word ook heerser oor Babel en hy gee aan hierdie ballinge na 70 baie swaar jare weer die reg en vryheid om na hulle vaderland terug te keer. Selfs onder die heidene is daar gesê- *Die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen...*Almal was bly, dit was so wonderlik, vir baie te goed om waar te wees- *Toe die Here die lot van Sion verander het, was ons soos die wat droom...*

Droom oor 'n nuwe begin, droom oor vryheid, oor jou eie stukkie grond, jou en jou gesin se nuut gevonde toekoms wat hulle geglo het nou moontlik is. Vers 3 is dit asof die lied net nog weer wil bevestig- *Die Here het groot dinge aan ons gedoen: ons was bly!* Maar broeder en suster, drome en werklikhede is nie noodwendig dinge wat op mekaar volg nie. Psalm 126 se wonderlike droom, ja daardie werklikheid om tog na jou land te kon terugkeer, dit wat soveel blydschap teweeggebring het, word in vers 5 'n onverwagse wending. Dit is asof na die wonderlike droom die werklikheid nou eintlik 'n nagmerrie geword het. Die toon van die lied verander skielik. Vers 1 wat gesê het, positief is dit vertolk- *Toe die Here die lot van Sion verander het...* vers 4 vra dan nou weer- *O Here, verander ons lot...* Hoekom nou weer lotsverandering vra!

\*\*\*

Terug in jou land, dit wat hulle so oor gedroom het, was die werklikheid 'n geweldige ontugtering. Sommer met die terugkeer al, was dit net anders. Daar was nie verwelkomings en vieringe wat enigeen se terugkeer begroet nie. Alles wat goed was, is weg. Platgevee, geen stadsmuur, geen huis, geen tempel, niks wat daar was, het oorgebly nie. Ons het na ons land kon terugkeer, maar waarna het ons eintlik wou terugkeer? Na dit wat was, is daar niks meer in die land oor nie. Steen vir steen sou weer opgebou moes word.

En die res is ook aan ons bekend. Nehemia vertel 'n groot deel daarvan. Sodra Israel met die opbou begin, hulle probeer ten minste dadelik net weer die stadsmure te bou, dan kan hulle die vyandskap en teëkanting selfs van hulle eie mense nie glo nie. Die vyande se teëwerpings was so ernstig, dat daar op die bousteiers met 'n troffel en 'n swaard opgeklim is. Nehemia 4:17-18 lees ons- *...die wat die boumateriaal moes aandra, het met een hand die werk gedoen en met die ander hand die wapen vasgehou. Die bouers het elkeen sy swaard om die heupe vasgeord gehad...* Dag en nag was dit dieselfde storie. Dié wat in die dag moes bou moes baie keer dieselfde mense wagers in die nag wees, ten minste net om te keer dat die dag se werk nie afgebreek word nie. Watter swaar, hoe onwerklik is die werklikheid tog nie. Weer só anders as dit wat hulle droom was.

Vers 4 vra- *O Here, verander ons lot soos waterstrome in die Suidland.* Die woestynagtige suide van Israel, ja die gebied net suid van Sion is van die droogste wat daar kan wees. Daardie dorre aarde, daar waar niks op niks eintlik hemelhoog staan, dis hoe droog die gemoed geword het. Die vergelyking van hulle binneste met hoe droog die Suidland is, word iets van hoe onwerklik die werklikheid mag voel. Buite so droog, binne jou mag jy dalk ook voel soos 'n lap wat al uitgedraai en uitgedraai is. Wat uit jou getap kon word, is klaar getap. 'n Boer wat in daardie suide sou instap is waar die digter homself nou eintlik voeg.

\*\*\*

Sy trane lê vlak, want almal weet dit kan eintlik so anders gewees het, maar dit is nie. Gewoonlik is saaityd benewens dat dit 'n baie besige tyd is, tog eintlik 'n wonderlike tyd op 'n plaas. Wanneer die grond oop geploeg word, die reuk van vars grond, water wat daarop val, elke voor nooi jou eintlik uit om saad daarbinne in te sit. 'n Saaier moet mos nie dan wil huil nie. Hy moet bly wees, opgewonde, dit is tog wonderlik om met die grond so besig te wees.

Hierdie saaiër huil oor wat ons nou klaar gesê het. Die werklikheid voel hom so hard, so onwerklik. Hy het verwag dat die land hom graag sou wou hê, dat die grond eintlik net reglê, dat dit net 'n kwessie is van opbrengste wat maar net ingesamel moet word. Die werklikheid is daar was nie koöperasies nie, daar was nie saadprodusente en saad verskaffers nie, daar was nie produksiekrediet nie, daar was nie markagente nie, daar was net jou kombuis waarmee jy nou grond toe moet gaan. Die saad, daardie voedsel waarmee jou vrou en kinders eintlik gevoed sou moes word, is dieselfde saad wat 'n groot deel nou in die grond gesit moet word. As jyself alles moet doen, as jy letterlik die pitte en moere, die korrels en boontjies uit jou kind se mond moet weghou sodat dit gesaai moet word, dan het die boer klaar sy eerste snikke kon gee.

Gestel dit is 'n misoes, dan het ons hierdie volgende winter niks om te eet nie. Dit wat daar kon wees, dit het ek gesaai! Hulle wat my dan kon verwyt. Hulle wat tog ietsie sou hê om te eet, maar die ander kant dit wat ons vir vandag nodig mag hê, moet vir die dag

van môre prysgegee word. Vandag se onontbeerlike, ja hoe nodig dit ook vandag mag wees, hy moet dit prysgee, want anders hoe kan jy môre lewe.

Verstaan u hoekom huil die saaiër? *Die wat met trane saai...so baie om oor te huil.* Daar is baie wat vir jou en my dieselfde trane mag veroorsaak. Dinge wat jy graag so anders sou wou hê, maar wat kan jy nou eintlik doen om dit anders te maak. Deur só baie te waag, deur so baie prys te gee, met die hoop dat dit tog reg mag uitwerk.

Psalm 126 se saaiër is Een wat nie misgekyk en misgehoor mag word nie, want weet u, Jesus het in Johannes 12 die saailand ook ingestap. Dit wat Jesus Self daar sê- *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf dra dit veel vrug.* Eintlik is Jesus nie maar net Een wat die saailand instap nie, Hy het geword meer as die Saaier, Hyself het geword die saad. Met trane het Hy Homself gesaai. Hy is letterlik die grond in. Dié Een, Jesus het vir ons gesterf. Laat dit die impak, die omvang moet wees van wat ons vandag aan u probeer sê- ook u lewe nie ter wille van uself nie. As dit jou en my uitgangspunt sou wees- *Wie sy lewe wil behou, moet dit eers verloor, maar wie dit probeer behou, sal dit juis verloor* (vgl. ook Mark.8:35).

As jy werklik jou lewe liefhet, staan in Johannes, dan moet jy soveel bereid wees om jouself te saai, jouself te offer dat dit eintlik sal wees dat jy een is wat lyk jy jou lewe haat juis omdat jy die lewe van ander so liefhet. Wie sy lewe ten alle koste wil behou, wie só daaraan vaskleef, sal juis deur hierdie houding sy lewe verloor. Ons hoor dit sekerlik goed, broeder en suster, ek en jy moet onself baie goed hierin ondersoek- As jy nie jouself wil gee nie, jy wil nie jouself opoffer nie, jy wil nie jouself saai nie, jy wil jou lewe ten alle koste behou, dan sal jy dit verloor, hoe hard jy ook al probeer het om dit nie te verloor nie.

\*\*\*

Iets hiervan mag dalk nie sin maak nie, maar dit is wat genade, genade maak juis wanneer jy jou vasloop teen die dinge wat lyk nie sin maak nie. Dinge wat juis só teen jou en my se natuur is. Waar in die besigheidswêreld, of in die handel, of waar ook al gebeur dit

dat iets prysgegee moet word om dit eintlik te behou. Daar is in die jaar 1838 geweldig prysgegee en tog om die oorwinning en die belofte te behou. Tot vandag toe moet dit behoue bely...

So dikwels is dit die kern van God se boodskap aan ons. Nuwe lewe kom deur die dood heen. Sarai, Abraham se vrou se dooie moederskoot en tog in die dood word lewe gewek- Isak word gebore. Daar is talle voorbeelde. Israel self, die ballingskap wat daar was, die volk wat op die einde maar 'n klein oorblyfseltjie oorbly, soos net die stomp van 'n boom- die stomp Isai word na verwys, of die wortel soos in droë grond word daar ook na verwys en tog juis uit hierdie droë wortel, sou lewe kom. Christus is as mens uit die klein oorblyfsel gebore. Lewe waar die dood was, juis lewe deur die dood heen.

\*\*\*

Dit wat vir jou baie kosbaar mag wees, is juis wat gesaai moet word. Selfs mag jy dalk dink- dit sal ek nie kan verloor nie, ek sal dit ten alle koste wil behou. Dit mag wees dat jy juis dit sal verloor juis om self behoue te bly. Ons wat sal moet saai- waar ons gemeen het om terug te hou. Die saai met trane in die geweldig droë Suidland, dalk is die traanvog die enigste vog, die eerste vog wat die saadjies tot ontkieming kan aanspoor. Daardie saadjie wat as dit in die grond val, sterf, anders bly dit alleen, maar juis in die sterwe – Jesus sê – *as dit sterf dra dit veel vrug...*

*Die wat met trane saai, sal met gejubel maai...* Terwyl u die saaisak moet oopmaak, terwyl u moet saai, laat ons besef die lewe in hierdie wêreld, die lewe veral in hierdie Suid-Afrika vandag het aan barbaarse optrede, aan moorde elke dag, nog niks verbeter nie. Daar het ná 1994 'n Suid-Afrika gekom, wat mens dalk mag voel, hier moet ek uit.... Wat gaan nog van ons in die land oorbly?! Die gebed om verander ons lot het sekerlik baie se gebed geword.

Lotsverandering is sekerlik hoog op die agenda. Droë spruite moet waterstrome word- *verander ons lot soos waterstrome in die Suidland-* maar mag ons nie vergeet die groot lotsverandering wat reeds plaasgevind het nie. Ter wille daarvan, aanvaar ons soveel te meer nou 'n lot wat nie maklik is nie. Die lotsverandering wat Jesus Christus vir ons

bewerk het. Om met God versoen te mag wees, om ons te verlos uit die dood van sonde, om aan ander te mag vertel dit wat God aan ons gedoen het, is nog soveel groter, is soveel ryker as die lotsverandering van Psalm 126. Alle volke moet dit hoor- *Die Here het groot dinge aan ons gedoen*- nêe nog groter- die grootste wat daar kan wees- dit het God aan ons gedoen- Hy het sy Seun vir ons gegee!

Daarom is ons Suidland droom, mag sovele mense moontlik in Suid-Afrika dit besef, hier moet ons nie ophou saai nie. Saai die saad van die evangelie selfs waar jy dalk dink dit nie sal opkom nie. Ek en jy is mos nie die mense wat moet laat groei nie- laat ons dit onthou?! Saai selfs onder baie trane. Juis baie trane wat God kan laat dien om die gewasse te laat groei.

\*\*\*

In hierdie saaiwerk kan ons van twee dinge altyd baie seker wees- Die eerste sekerheid is die saaiwerk wat Christus Self in trane verrig het... daardie groot dinge wat God klaar vir ons gedoen het. Groot dinge op Golgota, groot dinge in die tuin van Josef van Arimathea, waar die opstanding was, groot dinge op die Olyfberg waarvandaan Jesus na die hemel opgevaar het, hoe groot is dit om te mag weet dat Hy juis sy Heilige Gees aan ons gegee het en net so groot dat Hy wat die Christus is nou in die hemel my Voorspraak is- dat Hy die Seun van God ons Advokaat by God is.

Die tweede sekerheid gaan oor die feit dat daar vir God 'n oes gaan wees – *hy (Hy) sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra...* Op God se oesdag dan sal die trane verby wees. Dood en smart sal daar dan nie meer wees nie. Geen tergende vrae, onrus en 'n land waar die politiek 'n warboel geword het nie...

Nou nog is dit die tussentyd- die tyd tussen hierdie twee groot sekerhede. Die tyd tussen die *reeds* en die *nog nie*...Reeds het Christus vir ons gesterf, nog nie is die oes finaal ingesamel nie. U tyd lê juis in hierdie tussentyd- mag God ons in hierdie tyd gebruik om ten spyte van en te midde van harde teëstand, 'n politiek droë en korrupte Suidland nie op te hou saai nie. Saai eerstens jouself- in die sin, my eiewilligheid, my hardkoppigheid, my selfgesentreerdheid, my altyd besig wees met myself, my selfsug, my kamtige staan op



my regte, my eie vooropgestelde idees, my wanindrukke van ander mense, ek en jy moet dit wil saai- raak ontslae daarvan! Ook ons gebrek aan vertrouwe op God, ons voortdurende negatiwiteit, asof hier niks goed meer is nie, asof God nie ons toekoms ook in hierdie land in sy hand het nie- al hierdie moet gesaai word. Ek moet huil oor myself want ek wil hiervan ontslae wees...dit moet gesaai word.

As u traan in die ploegvoor val laat daardie bietjie vog klaar vir u die voorteken wees van God se reën wat kom. God se oes wat ingesamel sal word en ek dan 'n gerf sal wees, deel van die baie groot getal, die veel vrug wat daar van 'n enkele koringkorrel gekom het wat gesterf het toe dit in Christus geplant is, om in die nuwe lewe van Christus op te staan en vrug te dra. Dit is dan waarlik só dat die Suidland sy droë spruit in waterstrome kan laat uitbreek. Dit smelt met die baie trane saam want net 'n enkele traan wat 'n mens as gevolg van die sonde stort is eintlik klaar soos saad wat gesaai word.

Jy besef self verlossing is nie 'n klein dingetjie wat gebeur het nie. Sonde is die mens se manier om God te wil verkleineer. As ek en jy nie hieroor trane wil saai nie, jy wil nie jou lot hierin verander nie, hoe durf ek dan om 'n ander lotsverandering vra, dan is ek mos vermetel, om te verwag God moet my lot verander, maar ek is nie bereid tot 'n verandering teenoor God nie. Laat ons nou in trane saai, juis oor die dinge wat ons nog meer hartseer moet maak as maar net die dinge wat ons ervaar, laat dit wat God hartseer maak jou regtig raak en weet watter blydschap dit vir God sal wees om jou en my eendag as gerf na Hom toe te dra.

AMEN